

# ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING  
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 66 Nr. 1



April 2018



# Minder onthuweliking; meer reformasie!

## SO BELY DIE VCHO SY:

### DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

### GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinis-tiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Sprenke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissi-pels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

### MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

## Titus 1:11-15

### SKRIFLIG

#### Die Christelike vryheid

*Alle dinge is rein vir die reines; vir die besoedeldes en ongelowiges egter is niks rein nie, maar hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel. – Titus 1:15*

Ons moet noukeurig daarop let dat die Christelike vryheid deur en deur 'n geestelike saak is. Die hele betekenis daarvan is geleë in die kalmering van angstige gewetens voor God. Hulle kan onrustig en bekommerd wees oor die vergewing van sondes; of hulle kan besorg wees oor die vraag of hul onvolkome werke – wat besmet is met gebreke van ons sondige natuur – God behaag. Of hulle kan hul kwel oor die gebruik van dinge wat *neu-traal* is.

Daarom lê diegene hierdie vryheid verkeerd uit as hulle dit as voorwendsel gebruik om hul begeertes te laat botvier; ook as hulle die gawes van God misbruik tot bevrediging van hul losbandigheid. Daar is ook diegene wat ten onregte meen dat daar geen vryheid is nie, tensy dit in teenwoordigheid van mense beoefen word. Die gevolg is dat hulle by die gebruik daarvan nie rekening hou met die swakkeres nie.

Daar word deesdae meestal op die eerste manier gesondig. So te sê niemand wat dit kan bekostig, skeep nie behae in weelderigheid by maaltye, die opsmuk van die liggaam en die bou van huise nie. En haas niemand wil nie op allerlei maniere luukser as ander leef en homself in sy groot-

doenerigheid buitengewoon ver-lustig nie.

En dit alles word onder die voorwendsel van die Christelike vryheid verdedig. Hulle sê dat dié dinge *neutraal* is. Ek erken dit – mits 'n mens hulle op geoorloofde wyse gebruik. Maar wanneer hulle alte begerig nagejaag word, wanneer hoogmoedig daarmee gespog word en wanneer daar buitensporige verkwisting is, word wat op sigself geoorloof is, sekerlik deur hierdie sondes besoedel. Paulus maak in Tit. 1:15 uitnemend onderskeid tussen die neutrale dinge.

**Vervolg op bl. 8**

## IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	3
Huweliksliefde	5
Huweliksband	7
Huwelikseenheid	9
Huwelik en Kerk	11
Huwelik volgens Calvyn	13
Semper Reformanda	15
Hervormingsherdenking	18
Waarom herdenk ons	19

# Redaksioneel

Hugo Hayes

Dat die huwelik en huisgesin hedendaags onder uitermatige druk verkeer, hoef seker nie gemotiveer te word nie. Wat waargeneem en in die media gerapporteer word, laat 'n mens met die besef dat daar ten opsigte van hierdie noodsaaklike, maar kwesbare instelling(s) indringende bestekopname gedoen sal moet word. T.o.v. die Christelike huwelik en gesin in besonder, waar 'n normatiewe beskouing oor die huwelik nog gehuldig word, is die intense druk waarskynlik die grootste. Boonop strek die heersende kulturele dispoisie in Suid-Afrika die huwelik nie tot voordeel nie, soos uit geweld, ander verskynsels en die voortskeurende toename in egskeidings afgelei kan word. Op grond hiervan kan seker met stelligheid beweer word dat die divergensie tussen wat die huwelik en gesin wesenlik is (behoort te wees) en wát ons in die samelewing sien gebeur/waarneem, werklik groot is. Benewens dat daar 'nuwe' beskouinge oor wie man en vrou in die huwelik sou wees, bestaan, word ons ook gekonfronteer met 'n "meer moderne" beskouing oor die wese van die huwelik.

Die pleidooi vir die handhawing van die Christelike huwelik word gevoer op die basis dat die aangaan van huwelike die voorwaarde is vir die voortbestaan van die Kerk in die eerste plek, maar ook van 'n volk. Sonder die huwelik en huisgesin het die Kerk maar min kans op voortbestaan en ewe-eens 'n volk, wat tog vir die grootste deel daarvan uit lede in gesinsverband saamgestel is. Hoe dit derhalwe met die Kerk gesteld sal wees en hoedat die volk uiteindelik daar uitsien, word grootliks bepaal deur hoe die huwelik en huisgesin daar uitsien. Die belang van die Christelike huwelik en huisgesin vir die samelewing kan in die lig hiervan

nie oorbeklemtoon word nie. Omgekeerd, word die toestand waarin die samelewing verkeer tot 'n groot mate bepaal deur wat in huwelik en huisgesin gebeur. Ons sou dit dus in 'n sekere sin ook as 'n aanklag teen hierdie instelling(s) kon beskou wanneer dinge in die samelewing begin skeefloop.

Beskouinge oor man en vrou in die huwelik het in die 21ste eeu 'n dramatiese verskuiwing ondergaan, wat nie net die wese van die huwelik ten diepste nie, maar ook dié van die huisgesin raak. 'n Verligte beskouing oor die huwelik beteken dat daar vandag anders daarna gekyk word as 'n klompie dekades gelede. Ongelukkig moet verklaar word dat hierdie veranderende siening oor die huwelik nie slegs dié van die moderne samelewing weerspieël nie, maar tot 'n groot mate ook die standpunt van bepaalde segmente van die Kerk van gereformeerde belydenis tans in Suid-Afrika is. Te midde van hierdie verskuiwing en die gevolge wat dit meebring, moet die Christelike huwelik wat tradisioneel as die anker van ons Afrikaner-volkslewe gesien word, steeds gehandhaaf word. Daar kan nie toegelaat word dat beskouinge wat nie met die goddelike doel en plan daarmee rekening hou, die Christelike huwelik erodeer nie.

Die Christelike huwelik bevind ditself dus in 'n uiters onbenydenswaardige posisie. Van die een kant af is daar die aftakelende gevolge vanweë die samelewing, wat die oorsaak is van groot huweliksverbrokkeling. Van die ander kant af gesien, waar daar steun vanuit die Kerk verwag kan word, is dit die ervaring dat die segmentele kerk die Christelike standpunt baiekeer geen groot guns doen nie, deur nie-begronde (onbybelse) standpunte daarop na te hou. Hiervan onder-



meer die verdraagsaamheid met saamwony, asook dat persone van dieselfde geslag hulle in sogenaamde huwelike mag begewe. Egpere wat die eerbare (normatiewe) weg t.o.v. hulle huwelikslewe wil bewandel, staan as gevolg hiervan dikwels uitgelewer, deurdat die samelewing ander beskouinge oor die heiligheid van die huwelik huldig. Die houding van die samelewing oor die huwelik maak dit hedendaags, bv., veel makliker om 'n huwelik te midde van groot openbare belangstelling aan te gaan, maar wanneer dinge somtyds kort daarna verkeerd loop, dit sondermeer te ontbind.

Hierby moet gevoeg word dat daar in die moderne media en televisie 'n beeld oor die huwelik getransponeer word wat die huwelik as eerbare/heilige instelling in groot gevaar stel. Die media-beeld transponeer naamlik 'n huwelik as 'n verhouding wat met romantiek omhul is wat, wanneer die aangesigtheid tussen twee persone groot genoeg is, tot 'n 'kontrak' aanleiding gee. Indien dit egter nie 'uitwerk' nie, kan die kontrak goedsdiks maar weer tot niet gemaak word, sodat die twee kan "aanbeweeg na hulle volgende romanses", ongeag die gevolge vir

**Vervolg op bl. 4**

kerk en samelewing. En net om die uitlating oor die televisie te illustreer: In 'n meer onlangse aanbieding is dit opvallend hoedat die ontknoping van die reeks daarop uitloop dat die oplossing van die problematiek daarin gegee word dat bestaande huwelike spoedig tot 'n einde gebring moet word. Die verbreking van daardie bande is egter ten einde so gou moontlik met andere in ongeoorloofde verhoudings te tree, asof in die huwelik. Oorheersend is die indruk (in daardie reeks) dat daar geen konsiderasie meer vir die huwelik as instelling bestaan nie, terwyl voorgegee word dat dit die begin van nuwe 'hewelike' is. In werklikheid word die huwelik daardeur tot bespotting gemaak.

Onder die gevolge van huweliksontbinding moet ondermeer die volgende vermeld word: die uitdruklike Gebod teen egskeiding kom almeer in die gedrang; die publieke vooropstelling, waar dit almeer aanvaarbaar word dat huwelike in ons tyd meer gereeld ontbind kan word; die wegkalwing van die publieke beskouing op en houding teenoor die huwelik as eerbare/heilige instelling; die huwelik wat besig is om sy krag en status

as egverbintenis te verloor, wat nie vir simplistiese redes ontbind kan word nie; die maatskaplike agteruitgang en verbrokkeling van die samelewing vanweë toename in egskeiding; die sosiale problematiek van verwildering en verwydering; die trauma wat dikwels daarmee gepaard gaan; die indrukke wat op die jong gemoeidere van kinders gelaat word, ens.

Ter wille van perspektief op die saak, word in hierdie beredenering terdeë daarmee rekening gehou dat in bepaalde omstandighede dit menslik gesproke haas onmoontlik sal wees dat 'n huwelik enduit sinvol in stand gehou kan word. Dit word aanvaar dat daar huwelike aangegaan word waarvan die afloop nie goed sal wees nie, vanweë sodanige omstandighede.

Die ware Christelike houding daarteenoor mag egter nooit veroordelend wees nie; veel eerder dat aan diesulkes die grootste mate van begrip en ondersteuning gebied word. Ook moet daarteen gewaak word dat egskeiding as die "enkele groot sonde" gebrandmerk word, terwyl ons deel is van 'n gemeenskap/samelewing ten opsigte waarvan daar baie ander sondes is wat bely moet word. Dit is hoegenaamd nie die oogmerk hiervan om sonde uit te wys nie,

maar wel dat 'n groter bewustheid van die onontbeerlike belang van die huwelik vir Kerk en volk opnuut benadruk wil word, ter wille van die welwese van die gemeenskap/samelewing waarvan ons deel is. Ons almal het 'n belang daarby dat die eerbaarheid van die huwelik in stand gehou en bevorder sal word, te meer nog in die ontstuijende tyd waarin ons ons tans bevind.


### Ten slotte

In hierdie uitgawe word gevolglik op die huwelik as onvervangbare instelling van God-drieëinig gefokus, wat die primêre bousteen van die samelewing uitmaak. Weselik kan die samelewing nie sonder die huwelik nie en behoort daar vanuit die samelewing met baie groter deernis, erkenning en sensitiwiteit daarmee omgegaan te word. Die bydraes hierin opgeneem is van emeritus-prof. Fanie Riekert (oorspronklik vir R&R geskryf), terwyl daar ook gebruik gemaak is van die werk, *Die Heilige Huwelik*, onder redakteurskap van dr S.J. van der Walt, met bydraes deur dr S.J. du Plessis, dr S.C.W. Duvenage en ds B Duvenage. In hierdie bydraes word aan die huweliksliefde, die band en eenheid van en in die huwelik en die betekenis van die huwelik vir die kerklike lewe aandag gegee. 

## VCHO-biblioteek

'n Belangrike aankondiging wat ons in hierdie uitgawe wil maak is dié oor die VCHO se uitgebreide biblioteek, waaraan ons die afgelope twee jaar onverpoosd gewerk het. Danksy 'n lening deur een van ons lede en talle skenkings van kosbare boeke uit verskeie oorde kon ons die afgelope tyd die VCHO se biblioteek met kosbare titels aanvul en uitbrei. Ons is dankbaar en opgewonde oor die reformatoriese skat van boeke

oor 'n verskeidenheid temas en onderwerpe wat reeds daarin opgeneem is en voortgaande opgeneem sal word. Dit word volgens die Dewey-indekseringsmetode gedoen. Die temas van belang wissel van dogmatiek, filosofie, geskiedenis, onderwys, sosiologie en teologie en behoort vir enige voornemende navorser 'n goeie bron van navorsing/studie daar te stel. Ons wil juis nagraadse studente, maar ook ander studerendes, aanmoedig

om van die VCHO se biblioteek gebruik te maak. In die onlangse verlede het nagraadse studente reeds begin om ons biblioteek te benut, met die oog op hulle doktorsale studie. Hiermee rig ons derhalwe 'n vriendelike uitnodiging tot sodanige studente om hulle van die bruikbaarheid te vergewis en ons oor die benutting daarvan te nader. Enigeen kan op ons webblad by Publikasies gaan kyk en onder Biblioteek sal die besonderhede van titels wat reeds geïndekseer is gevind kan word. Die webbladadres is <http://www.vcho.co.za>. 

# Huweliks liefde is liefdesvreugde

## Ten diepste die verrukking: God het ons bymekaar gebring

*Prof. Fanie Riekert (Emeritus)*

### III Die vervulling van die liefde in die huwelik


Die man moet die vrou onder die banier van die liefde voer tot die volle huweliksvereniging, tot die volle lewensvreugde en lewensrykdom van die liefde. Die eintlike van die huwelikslewe lê in die totale liefdesverbondenheid en liefdesvervulling tot in die seksuele gemeenskap. Die liefde moet ontluik om die wedersydse ontdekking van mekaar diep te belewe en te geniet. Hierdie ontmoeting moet steeds deurleef word, voller en ryker om die myne in die ander te geniet. Die siddering van vreugde waarmee hierdie een-wees ervaar word, besing die Hooglied in volle diepe tone en word telkens in die Bybel as 'n geskenk van God geprys. Hooglied straal sy boodskap uit dat die huweliksliefde tot die hoogste aardse gawes behoort wat God aan die mensekinders gee. In mekaar het hulle 'n onvergelyklike skat gevind. Dat hulle verder aanmekaar kan behoort, is 'n heerlike geluk waarin hulle deel. Daar is 'n vreugde in die gee en neem by die twee verliefdes. God stort die huweliksliefde in die hart van twee uit wat, as dit daartoe kom, hulle deur die band van liefde in die huwelik verbind, totdat die dood hulle skei. Hulle wat eers nie bymekaar was nie, kom nou deur die huwelik daartoe om die weg na mekaar pas te betree. Die huweliksluiting word die beginpad. Dan ontdek hulle dat hulle nie mag stilstaan by die aantrekkingskrag wat hulle bymekaar gebring het nie.

In die heilige huwelik lê God self die band, 'n gemeenskap van die liefde. Dit is 'n liefde wat verbind, liefde wat in gemeenskap beoefen word. Die geheim van die mens-

like huwelik bestaan in die uitsluitende welgevalle van een persoon in 'n ander, in die volkome wedersydse aanneming van mekaar, in die hele bevrediging van die ander wat liggaam, siel en gees vervul.

Die brug van mens tot mens lê, net soos die brug van mens tot God, in Jesus Christus. Hier kom ons tot die werklikheid van die huwelik, en die reële huweliks-genade. In die afwisseling van die motiewe soos die onderlinge verlange en bewondering, laat die digter ons op 'n kunstvolle wyse deel hê aan die vreugde en smart wat die liefde meebring. Hooglied ken die jubel van die man om die liggaam van die vrou en die juigende vreugde van die vrou om die liggaam van die man. Tog is daar ook smart daarin geleë. Lewenseg toon dit die soet en die onbedwingbare krag van die liefde. Die liefde wat die geslagte na mekaar toe bring en aanmekaar bind, is 'n vuur wat niemand anders as die Here ontsteek nie. Hierdie ryke geskenk word geniet en die twee beleef mekaar in die huwelik. Die liefde moet werksaam wees as daar van die genietinge van die liefde sprake kan wees.

Wanneer ons 'n Bybelse antwoord wil gee op die vraag wat 'n huwelik is, dan word ons onmiddellik na Efés. 5 verwys, waar Paulus sê dat in die huwelik 'n groot heilsgemein beslote lê. In so 'n liefdesverhouding en latere huwelik blyk iets van die groot verborgendheid van Efés. 5 en sien ons 'n toonbeeld van die verhouding van Christus en sy gemeente. Die Christelike liefde voor en in die huwelik wortel in dieselfde be-



lewing van God se liefde. Efés. 5 laat nuwe lig op die huwelik val om so te wys op die verhouding tussen Christus en die bruidspaar. So word die huwelik geplaas op 'n vlak waarop 'n mens sonder geloof moeilik kan kom. Die sigbare, aardse huwelik moet hom inrig, voeg en vorm na die model van die onsigbare, ewige huwelik tussen Christus en sy gemeente.

Die Bybel stel die huwelik op 'n baie hoë vlak – dit is die heilsgemein, iets wat met jou saligheid te make het. Wat beteken dit dat die huwelik 'n heilsgemein is? Daarmee word bedoel dat dit iets is wat deur die buitelanders onmoontlik begryp kan word, wat alleen aan die gelowiges duidelik is. Hierdie huwelik, soos beskryf, moet sodanig wees deurdat die misterie van die liefde daarin werk – die misterie soos dit tussen Christus en sy gemeente bestaan. Hierin vind die huwelik sy verklarings en breek die heerlikheid van die geheimenis van die liefde tussen Christus en sy gemeente deur.

**Vervolg op bl. 6**

Die huwelik is nie slegs 'n tipe van die groot verborgenheid nie, dog die groot verborgenheid breek daarin deur; straal daardie groot verborgenheid uit; laat die ligglans van die liefde en die wonder daarvan skyn. Agter die huwelik lê die openbaring van die liefde van Christus, 'n liefde wat alle verstand te bowe gaan en sy glansryke lig uitstraal. Die huwelik is 'n sigbare uitbeelding van die groot verborgenheid van die vereniging van Christus en sy bruid. In die monogame, ideale, heilige huwelik deurskyn die heerlijkheid van die liefde van Christus. Die huwelik is die grootse toonplek van die liefde van die bruid tot haar bruidegom en omgekeerd en as vrug van sy liefde vind ons die liefde van die bruidegom tot die bruid en omgekeerd.

Christus wat vir sy gemeente gely en gesterf het, wat sy volk met sy bloed gekoop het, sien die gemeente met al sy gebreke om sy ontwil as sy heilige vlekkelose reine bruid aan. Christus is die Een deur Wie alleen ons huwelik waarlik 'n huwelik is. Elke huwelik moet 'n afskynsel van die verhouding tussen Christus en die gemeente wees.

In daardie huwelik van die liefde tussen Christus en sy bruid is die breuk geheel; het die versoening werklikheid geword en is die gemeenskap onverbreeklik. In die huwelik behoort ons die glans van die liefde van Christus tot sy gemeente te sien deurbreek. Die liefde straal uit die Christelike huwelik en die Christenman, en -vrou word in hul huwelik daardeur gedra.

Die skoonheid van die werke van God word in die skoonheid van die vrou geroem: 'n skoonheid wat glinster op die aarde, hoewel vervloek om ons ontwil. Die werk van Christus is dat hierdie skoon-

heid uitstraal in die heilige huwelik, dat Hy die huwelik versier met heilige sieraad en haar eens in die volle skoonheid sal laat skitter.

Die Christelike geloof is iets wat direk met ons lewe te make het. Daartoe het Christus vir ons vlees geword. Dit beteken dat Christus só in ons dubbelsinnige werklikheid ingedaal het, en as mens van vlees en bloed om ons ontwil gesterwe en opgestaan het. Daardeur het Hy nie alleen ons siele gered nie, maar ook ons vleeslike luste en deur sondevertroebelde saak met God versoen.

Daardeur het die huwelikslewe met sy baie mooie, maar ook met sy menslike, dikwels al te menslike kante, 'n versoende lewe geword. Dit is iets waarin, ondanks alles wat met die sondeval te make het, Christus se verlossingswerk sigbaar gemaak word. Die liefde moet ontluik om die wedersydse ontdekking van mekaar diep te belewe en te geniet. Dit is 'n groot eer wat God aan die mens bewys dat Hy hulle tot die huwelik roep. Die kragbron is Jesus Christus. Waar die krag van hierdie liefde werk, word die dien in en uit die liefde betrag (Efés. 5: 22-33)

In die eg Christelike huwelik straal die genade van Christus uit. Dan geniet die vrou haar man se beskutting, sy voel haar daar veilig, gesterk en geniet sy nabyheid. Hierin openbaar die skoonheid hom in die werke van God, want die eie van die vrou blyk uit baie dinge. Wanneer in die Christelike huwelik die eer van die vrou geheilig deur die bloed en die Gees van Christus na vore kom, dan openbaar die skoonheid van die werke en die genadewerk van Christus hom. Ongelowiges sal haas altyd langs die eintlike van die huwelik verby praat, omdat dit vir hulle onmoontlik is om die wese van die

huwelik te begryp. Dit is alleen verstaanbaar vir hulle wat in Jesus Christus glo en wat weet wát Christus se lewe, sterwe en opstanding vir die huwelik beteken. Wie as Christen 'n huwelik aangaan, sal dan ook goed moet weet wat hy/sy doen.

In die onheilige huwelik breek die sonde steeds deur. In die heilige huwelik egter, word na die doel gejaag om sigbare uitbeelding te wees van die groot verborgenheid van 'n vereniging van Christus en sy bruid, deur die glans van hierdie groot geheimenis te laat straal. Mildelik daarby is ook die seën aan die menslike liefde verbonde, want waar die liefde woon, aldaar gebied die Here sy seën en tot in ewigheid. Onuitspreeklik is dan die vrug uit Christus en ryk die liefdesbetoon (1 Kor. 13). Daar is in die heilige huwelik 'n verborge gemeenskapsband wat bestaan in die gemeenskap van die liefde van Christus tot sy bruid. Wie in die gemeenskap met Christus leef, ontvang die krag tot liefhê en dra die liefdesvrug tot Hom. Word hierdie heilige siddering van vreugde in mekaar méér beleef, watter hegter bande sal dit nie vir die huwelike van ons land beteken nie.

Die lewe in die heilige huwelik is 'n lewe gewortel in Christus, gewerk deur die Heilige Gees, geopenbaar in die vrug van die liefde – die liefdeslewe moet in Hom gewortel wees. Die sonde het alle verhoudings versteur, maar die genade heel dit. Dit gebeur juis vanuit die Evangelies-bevrydende woord oor die liggaamlike sy van die huwelik. Hier is sprake van een man en een vrou wat saam een vlees word wat niks of niemand anders nodig het as mekaar nie. In die heilige huwelik is dit Christus wat spreek.



# Die huweliksband

Dr SJ du Plessis

“... die vrou van jou verbond ...”  
(Mal. 2:14)

Terwyl die profeet Maleági in die Naam van die Here toorn teen sekere misstande onder die volk, kom hy ook by die huwelik en verklaar dat “die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond” (Mal. 2:14). Byna in soveel woorde dieselfde gedagte, dog van die kant van die vrou besien, uitgespreek deur die wyse Salomo waar hy waarsku teen die “vreemde vrou”, en haar tipeer as die een “wat die vriend van haar jeug verlaat en die verbond van haar God vergeet” (Spr. 2:17).

Sinryk en teer is die benaming “vrou van jou jeug” en “vriend van haar jeug”. Hiermee word teruggewys na die lente van die liefde en word gewaarsku dat die liefling van die jeug nie die spot van die ouderdom moet word nie. Hierdie woorde bring weer in herinnering die eerste ontluikende liefde, die daeraad van die jeug, toe bruidegom en bruid saam gestaan het op die drempel van die lewe. Hoe mooi was dit toe nie! Juis die bruidsgedagte word breed en diep uitgewerk in die hele Woord van die Here. Dink slegs aan die “Hooglied” – om maar een te noem.

Met die woorde “vrou van die verbond” word ons egter midde in die lewe met al sy gevare, stryd, bekommernisse geplaas. Want hier word die “vrou” en nie meer die bruid genoem nie; en hier is sprake van “verbond”. Waarom juis “verbond”? Ons spreek gewoonlik van egverbintenis en die huweliksformulier het die woorde “egtelike verbinding”.

Hoewel met hierdie woorde in die omgang dieselfde bedoel word as met “egverbond”, lê daar tog, wanneer ons op dié woorde afgaan, ’n dieper betekenis in “verbond” as in “verbintenis”. ’n Verbintenis word aangegaan vir ’n bepaalde omskrewe doel en is gewoonlik tydelik van aard. Op dié wyse is ’n onderwyser verbonde aan ’n skool en word ’n werknemer kontraktueel verbind aan ’n werkgewer. Die doel is duidelik omskrewe in dié geval, nl. om sekere diens te lewer. Die verbintenis is tydelik want die kontrak kan weer verbreek word en die verbinding omsluit nie die hele persoon en sy hele lewe nie. Hierteenoor sê die woord “verbond” meer: Dit is die algehele verbinding van twee persone aan mekaar met alles wat hulle is en het, nie net vir een bepaalde doel nie, maar vir die hele bestaan, met alle middele en vir die hele lewe. ’n Egverbond is nie ’n kontraktuele verbinding wat weer gebreek kan word nie.

Die huweliksformulier gebruik in die vermanende slotgedeelte die woord “heweliksband”. Daar is die woord op sy plek omdat gewys word op die onlosmaaklike verbinding wat bestaan ná die voltrekking van die huwelik. Maar die woord “band” is as aanduiding van die wese van die egverbintenis te uitwendig (’n band wat twee dinge omspan en bymekaar hou), en ook te meganies en onpersoonlik om die lewende, doelbewuste, persoonlike verbinding wat plaasvind in die huwelik, te omskrywe.

In die woord “verbond” lê egter nog meer as wat met die teëstelling teenoor ander woorde

uitgebring kan word: ’n Verbond is altyd die verbinding van twee volke, partye, persone teen ’n derde van wie vyandighede verwag word. Die rede vir ’n verbondsluiting is die bestaan van ’n vyand van wie vyandigheid gevrees word. Hierdie gedagte toegepas op die huwelik laat ons verstaan dat in die huwelik twee persone hulle doelbewus, met hul hele persoon, met alles wat hulle het, vir hul hele bestaan en vir die hele lewe, aanmekaar verbind en verenig teen ’n derde, die vyand en teëparty. Dit wys op vyandskap en stryd.

Wie is hierdie vyand wat gevrees word? In die ou tyd was dit veral ’n vyand van vlees en bloed teen wie met swaar en vuig en wapen opgetree moet word. Maar ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die beseeste in die lug – teen Satan en sy ganse ryk (Ef. 6:12). Die stryd gaan teen die verleidinge van die vlees en hierdie wêreld, teen die hoerery. Daarom is dit goed dat vanweë die hoerery, elke man sy eie vrou het en elke vrou haar eie man (1 Kor. 7:2). In die huweliksformulier word dit alles saamgevat in die woorde: “Ten eerste is dit nodig dat die een die ander getrou moet help en bystaan (soos in ’n stryd) in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort.” So wys alles op ’n bondgenootskap en op die stryd wat daar gevoer moet word, en so word ons deur die woord “verbond” en die huweliksfor-

**Vervolg op bl. 8**

## Vervolg van bl. 7


mulier midde in die bittere en verbete stryd van die lewe met sy “allerhande teëspoed en ellende” (en wat is nie alles hieronder inbegrepe nie!) geplaas. Dit is inderdaad ’n beeld getrou aan die werklikheid, wat in die huweliksformulier aan ons voorgehou word, nie die onwerklike beeld wat op die silwerdoek vertoon word en wat ons in romans teëkom nie. Daar is vyande wat lê en loer, en wat aanval. ’n Stryd moet gevoer word en daarom word ’n verbond gesluit en sy word “die vrou van jou verbond”.

Die vasstaande idioom vir ’n verbondsluiting in die oorspronklike taal van die Ou Testament is “om ’n verbond te sny”. Hiermee word gedoel op ’n besondere gebruik wat in die ou tyd in swang was wanneer ’n verbond gesluit word: Offerdiere word geneem en in twee dele gesny, en die helftes word teenoormekaar gelê. Dan gaan die twee wat met mekaar die verbond sluit tussen die stukke deur om daarmee te kenne te gee dat dit met die een wat die verbond breek sal gaan soos met

die offerdiere (Gen. 15:9vv.). Daarom dan die uitdrukking “verbond sny”. “Luister hoe sterk die huweliksverbond is ...”!

Soos alle dinge is die oorsprong van die verbond uit God Drieënig wat bestaan in ’n verbondsmatige eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees. “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape ...” (Gen. 1:26, 27). Terwyl die mens, man en vrou (die volledige mens) dan na die beeld van God geskape is, beeld hulle in die huweliksverbond af en weer spieël hulle iets van die verbondsmatige verhouding binne die Goddelike Drieëenheid. Die huweliksverbond is na die beeld van God.

Hy is die Oorsprong van die verbond, en om dié rede ook die Getuie oor die verbond. “Neem julle dan in ag terwille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie ...” (Mal. 2:15b)!



## Vervolg van bl. 2

*Ons bid dat ons die goeie gewes uit u hand nie deur ons sondes sal besmet nie.*

### 1 Korinthiërs 10

Paulus verwoord ook die Christelike vryheid en liefde soos volg in 1 Kor. 10:23-33:

<sup>23</sup> Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.

<sup>24</sup> Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van ’n ander.

<sup>25</sup> Eet alles wat in die slaghuis verkoop word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.

<sup>26</sup> Want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan.

<sup>27</sup> En as een van die ongelowiges julle nooi en julle is gewillig om te

gaan, eet dan alles wat julle voorgesit word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.

<sup>28</sup> Maar as iemand aan julle sê: Dit is afgodsoffer – moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit te kenne gegee het, en ter wille van die gewete – want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan –

<sup>29</sup> ek bedoel die gewete, nie van jouself nie, maar van die ander; want waarom word my vryheid geoordeel deur ’n ander se gewete?

<sup>30</sup> En as ek iets met danksegging geniet, waarom word ek belaster oor iets waarvoor ek gedank het?

<sup>31</sup> Of julle dan eet of drink of enig iets doen, doen alles tot verheerliking van God.

<sup>32</sup> Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie;

<sup>33</sup> net soos ek almal in alles behaag en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie, sodat hulle gered kan word.



# Die eenheid in die huwelik

Ds SVW Duvenage

“En hulle sal een vlees wees”  
(Gen. 2:24b)

Die eenheid wat God in die skepping gelê het, kom seker nêrens so treffend en betekenisvol tot uiting as in die huwelik nie. Man en vrou is deur God self in die paradys saamgevoeg met die hegte band van die huwelik. Hy former Eva nie maar net as vrou nie, maar bepaaldelik om vrou te wees van Adam, as 'n hulp wat by hom pas.

Verder word die vrou nie slegs geskape as hulp vir die man nie, maar ook word sy uit die man geneem. In Gen. 2:21, 22 lees ons: “Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toege- maak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het tot 'n vrou en bring haar na die mens.” Die vrou word dus geformeer uit bestanddele van die liggaam van die man. Dit is reeds genoeg sê dr Aalders, om ons die volkome en innige eenheid van man en vrou te laat ken. As Adam sy lewensgesellin vir die eerste maal aanskou, dan breek hy ook uit in 'n digterlike jubel en dan sing hy die eerste lied van die mensheid: “Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.”

Ons moet egter daarop let dat God tog wel twee mense geskape het en nie net een nie. Man en vrou het Hy hulle geskape. Beide vertoon die heerlijkheid van Gods beeld. Elkeen dra 'n besondere trek van die gelykenis van die Enige, en in

plaas van om mekaar se kopieë of afdrucke te wees, is hulle deur die Skepper elke met eie skoonheid begiftig.

Die man se sieraad is sy krag. Die vrou s'n is haar bevalligheid. Hy is die mens van denke en doen. Sy die mens van gevoel en begeer.

Vir hom is die wye ruimte van die wêreld.

Vir haar die enger kring van die gesin.

Hy is haar hoof en sy is sy heerlijkheid.

Man en vrou is twee. So het God dit gewil.

Tog gee God ook die eenheid. Hy bring asof met sy eie hand Eva en Adam en verbind hulle tot so 'n innige eenheid dat hulle een vlees is.

En God die Here bring ook vandag nog elke man en vrou wat daarom bid en daarvoor dank na mekaar en Hy verbind hulle in die huwelik tot een vlees.

Hierdie twee-eenheid, as dit so genoem mag word, is seker een van die mees fundamentele wesenskenmerke van die huwelik. Dit is die sin van die huwelik wat selfs deur die sondeval, wat oral verwoestend gewerk het in die skepping, in geen enkele opsig verander is nie. Wel het die sonde die huwelik ook aangegryp, die harmonie versteur en so een van die skoonste instellinge van God besoedel en bevek. Maar die sonde het hierdie wesenskenmerk van die huwelik nie verander nie. Daarom sê Jesus Christus ook: “... en hulle sal een vlees wees sodat hulle

nie meer twee is nie maar een vlees”(Matt. 19:5, 6).

In die woorde “tot een vlees” mag u nie alleen dink aan liggaamlike eenheid nie. Daar staan tog nie dat God aan die eerste mense- paar gesê het hulle sal een liggaam wees nie. Aan die ander kant het God ook nie gesê hulle sal tot een siel saamgevoeg word nie. Nee, uitdruklik staan daar “tot een vlees”. Die woord vlees is nou hier 'n aanduiding van die mens in sy geheel, dit betref sy liggaamlike sowel as sy geestelike bestaan. Man en vrou word in die huwelik 'n eenheid na die hele mens, d.w.s. na liggaam en na siel. Die huwelik gaan dus nie op in 'n geslagtelike eenheid (nie), nog is dit uitsluitlik 'n mistieke of geestelike eenheid, maar die eenheidsformasie is geleë in beide, in geslagseenheid en siele-eenheid. In die samestemming van die siele moet hierdie eenheid eintlik sy grondslag vind.

Die eerste wat man en vrou, wat jongman en jongdame tot mekaar trek, moet tog wees die wederkerige geneentheid van die harte, wat hom spoedig verdiep en verinnig in *liefde*, en wat op sy beurt weer altyd sterker groei en skoner bloei. Nee, werklik, siele-eenheid is die eerste voorwaarde – die klop van twee harte in een slag, die samesmelting van twee ideale in een ideaal, die samevloeiing van twee lewenstrome in een lewenstroom, die sameklemming van twee paar hande om een taak. So gesien, is die huwelik nie alleen die een-

Vervolg op bl. 10

wording van twee mense na siel en liggaam nie maar ook van die twee onderskeie persoonlikhede.

Dit wil egter nie sê dat die persoonlikheid van die man of die vrou in die huwelik verlore gaan nie. Die individualiteit van beide partye bly behoue maar tog ontstaan daar die heerlike eenheid. Voor die huwelik het man en vrou elkeen hul eie lewensmilieu, hul eie ontwikkelingsgang en hul eie besondere lotgevalle. Na die huwelik egter is daar 'n gesamentlike milieu, 'n gemeenskaplike ontwikkeling en een gemeenskaplike lot. 'n Sekere skrywer, Künkel, het dit so treffend vergelyk met twee sirkels, wat na mekaar toe beweeg. Sodra die twee sirkels oor mekaar stoot, open elkeen sy omtrek vir die ander een, sodat 'n ellips ontstaan. Hierdie ellips nou vergelyk hy met die huwelike eenheid. Daar binne is twee sirkels met twee middelpunte maar tog met een omtrek.

Die grootste kenmerk van die huwelik is derhalwe die eenwording van twee verskeie, in baie opsigte verskillende persoonlikhede tot een harmoniese eenheid. Hierdie feit, so merk dr Wielenga tereg op, is een van die vernaamste skeppingswonders. Die lewe is self 'n wonder, maar hierdie samevoeging, sonder versmelting, is 'n klimaks van skeppingsmag en skeppingsheerlikheid.

Wie die saak so sien en wie daarvolgens lewe, laat die "tot een vlees wees" tot sy reg kom. Dan bot die geluk uit soos sneeuwitte bloeisels in die lentetyd. Dan daal oor die huis die weelde van die heerlike huweliksgeluk. Dan moet die eenheid van die liefde ook meebring die eenheid van die

geloof – een, ten dienste in die gemeenskap met God; een ten innigste in Christus, een in geloof en een in gebed.

Ja, vir ons bestaan die hoogste eenheid daarin dat die harte saamsmelt in die een selfde oorgawe aan die Vader in die hemele. Vir ons bereik die liefde sy hoogtepunt wanneer man en vrou saam staan op die hoogte van die geloof, wanneer man en vrou saam in 'n heldere vergesig uitsien na die hemel. Vir ons vind die liefde tussen man en vrou sy diepste diepte wanneer in die skaduwees van die lewe se moeite en rou daar één samestemming is met die wil van Hom, wat ook ons huweliksgeluk deur leed wil louter en verdiep. Wanneer man en vrou in donker dae saam kan sê: "Ons berus, God beskik" dan is die "tot een vlees" geheilig en is die samelewing in die huwelik gekenmerk deur die magtigste tug van God se Woord.

"Tot één", dus sê God aan elke bruidspaar, ook aan u, geagte lesers en leseresse. U vind dit miskien te idealisties. Die praktyk van die lewe rondom u skreeu van iets anders. U vind in so baie huwelike nie vandag meer die innigste, die rykste en hoogste eenheid op aarde nie. Die gees van die eeu spreek van die huwelik as ortodoks en verouderd. Die Satan is in ons eeu, miskien meer as in enige ander eeu, besig om hierdie sisteem, hierdie instelling van God te breek en te versteur. Satan is altyd besig om Gods werk af te breek en dit lyk of hy hom in ons eeu toelê op hier hoogheilige eenheid, die eenheid van die huwelik. Mens kan dit reeds bespeur in die huwelik waar die twee eggenote as vreemdes vir mekaar lewe. Hulle lewe dan langs mekaar verby. Hulle begryp mekaar nie. Elkeen leef sy eie lewe. Elkeen het sy eie ideale,

eie liefhebberye en eie program waarvolgens hy of sy handel. En as hul ideë nie met mekaar ooreenkom nie, dan gee dit aanleiding tot botsings. Dan word die huwelik beskou as 'n ellendige, ouderwetse, knellende band, wat maar liever verbreek moet word. Van 'n eenheidslewe is naderhand nie meer sprake nie. Dan volg die een teleurstelling die ander op. Teenoor mekaar – man en vrou elk 'n geslote boek wat langs mekaar op die rak staan. O, dit kan iets benouends word, as man en vrou soos twee vreemdes naas mekaar lewe. Benouend is dit omdat hulle in die opsig dan in die greep van Satan lê, wat alles in die werk stel om te sorg dat die twee nie in wedersydse liefde en oorgawe aan mekaar, hulle kan toewy aan God nie. Die huwelik word dan 'n sombere kloostergang sonder uitsig en idealisme. Dan is daar so weinig geestelike gemeenskap wat die natuurlike ophef en heilig. Dan spat een na die ander geluksverwachting in skerwe en talle ideale in stukke. Dan word die huwelik 'n spel en die liefde 'n spot. En dan grynslag Satan in die hel oor sy pragtige oorwinning – het dan tog bewys dat Gods skepping, die huwelik, 'n onding en beklemming is.

Teen hierdie verbastering, teen hierdie dekadensie en verval gaan egter u stryd. Teen hierdie gruwelike skending van Gods ordinansie gaan u stryd.

Nee, vir die heiligheid van die huwelik moet u waak – vir die verborgenheid wat groot is.

*Tot één* – dit is Gods eis.

*Tot één* in liefde en sielsgemeenskap.

*Tot één* in geloof en vrees van God.

*Tot één* in Christus Jesus onse Here.



# Die betekenis van die huwelik vir die kerklike lewe

*Ds B. Duvenage*

Die Kerk is 'n instelling van God self. En as daar nou een terrein is waarop die Satan met alle mag sy verleidings- en bestrydingswerk doen, dan is dit juis op die kerklike terrein. Want in die Kerk tas hy die liefling, die Bruid van die Here Christus self aan. Immers, dit is tog Satan se hoogste doel om God te onttron.

In sy felle bestryding van die Kerk rig die duiwel hom egter nie net direk op die Kerk nie, maar ook op al die pilare waarop die koninkryk van God op aarde gebou word. En in dié koninkryk beklee die huwelik 'n unieke posisie. God die Boumeester het in sy ondeurgrondelike besluit dit só bepaal dat sy verbond bevestig word van geslag tot geslag. En deur die sakrament van die Heilige Doop word sy verbond ook verseël van geslag tot geslag. En die geslagte spruit voort uit die huwelik. En nou sien ons – as Satan sy aanslag maak teen die koninkryk Van God, kom die huwelik onmiddellik in gedrang.

En in ons tyd, seker meer as ooit tevore, slaag die Satan daarin om die huwelik en gesin nutteloos en betekenisloos te laat wees vir die Kerk. Dink maar hoeveel mense glo die leuen dat die huwelik 'n vrywillige kontrak is wat na eie goeddunke aangegaan en verbreek kan word, waardeur die innigheidskarakter van die huwelik ontken word. Dit is die teorie van die “vrye liefde” wat soveel ingang vind: die mens is outonoom, volkome vry om te doen soos hy wil; die kwessie van trou is 'n saak wat 'n mens geheel vry en onafhanklik beslis. Vandaar dan ook die vele egskeidings, want sodra een van die huweliks-partye of ook beide partye meen

dit gaan nie langer nie, word aansoek gedoen om egskeiding.

Dink verder aan die geboortebepierking, waarin Satan hom inderdaad as teenstander van God vertoon. God wil dat sy koninkryk vol word. Die wêreld bestaan nog omdat die koninkryk van God nog nie vol is nie. Die mensheid moet ontplooi en vermenigvuldig. En uit die miljoene wat hierdie aarde bevolk, word die duisendtalle gelewer vir die onbeweeglike koninkryk van God. Maar ook hier trag Satan om die werk van die Here aan sy Kerk te verhinder en hy doen dit deur die getroudes te laat meedoen aan die euwel van geboortebepierking. Inderdaad, die poging van die duiwel om die mens in vrye liefde te laat leef, is 'n aanval op die koninkryk van God. Want sonder die huwelik, sonder die kinders, sterf die Kerk (menslikerwys gesproke); deur die eerbare en geseënde huwelik bly die Kerk in aansien en kragtig.

So sien ons dat die Kerk inderdaad veel belang het by die huwelik. 'n Gesonde kerklike lewe kan alleen bestaan as die huisgesinne in der waarheid godvrugtige gesinne is.

En dat 'n gesonder huwelikslewe vir die Kerk veel kan beteken, word ons ook dikwels in die Bybel voorgehou. Ons wil maar net op 'n paar voorbeelde wys.

Op sy tweede sendingreis het die apostel Paulus in Korinthe kennis gemaak met 'n sekere gesin, nl. met Áquila en sy vrou Priscilla (Hand. 18:1-3). By hulle het hy een en 'n half jaar ingewoon. Herhaaldelik in sy briewe lê die apostel getuienis af van hul blywende, hartlike, aanhanklik-

heid, wat selfs in lewensgevaar nog trou gebly het aan die vervolgte apostel en gemeentes. In Romeine 16:3, 4 skryf die apostel in hartroerende taal: “Gegroet Priscilla en Áquila, my medewerkers in Christus Jesus, wat vir my hulle lewe gewaag het; nie ek alleen dank hulle nie, maar ook *al die gemeentes* van die heidene.” Hier sien u nou 'n huwelik wat tot ryke seën was vir die Kerk van onse Here Jesus Christus, en wat alles gedoen het om die Kerk te bevorder.

Op nog een voorbeeld wil ons u wys, en dit is op Timótheüs. Sy moeder was 'n bekeerde Jodin met die naam van Eunice. Van kleinsaf het sy haar kind in die Skrif onderwys. Met tere moederlikheid, maar ook met toewyding het sy hom opgevoed in die vrese van die Here, soseer dat Paulus hom op baie jeugdige leeftyd tot een van sy medewerkers aangestel het. Ja, die apostel noem Timótheüs sy geliefde kind van wie hy die geestelike vader is en tussen hulle het daar 'n besonder hartlike, innige en broederlike verhouding bestaan. Paulus spreek uit 'n oorvol-dankbare hart van die ongeveinsde geloof wat in jou (Timótheüs) is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

Wat 'n mooi getuienis vir Timótheüs, dat hy in beide sy moeder en grootmoeder se spore van getrouheid aan God mag volg!

En so is daar ook in ons Afrikanervolk seuns en dogters wie se ouers en grootouers troue

**Vervolg op bl. 12**

## Vervolg van bl. 11

kerkmense was, maar waar is hul nasate – dikwels (vind ons) net die teenoorgestelde.

'n Godvrugtige huwelik en gesin en ouers is van onnoemlike betekenis vir die Kerk van die Here, maar ook andersom: 'n huisgesin besit dan eers werklik betekenis as die Kerk die altaar van die gesin is, m.a.w. die Kerk gee aan die huwelik in uiterlike sin betekenis, godsdienste gee aan die lewe sin en

betekenis. U lewe, u huwelik het dan eers sy wêreldbekenis en betekenis in die koninkryk van God as die Kerk vir u hierdie plek ingeneem het.

En, geliefde egpaar, wat beteken u vir die Kerk en wat beteken die Kerk vir u? Die Kerk het u nodig maar u het ook die Kerk nodig. Laat die Kerk in u lewe dan hierdie plek inneem. Immers, dit is wat die Woord van God ook van u vra, dat u Hom moet dien en liefhê met u *hele* hart, met u

*hele* siel en met u *hele* verstand.

Ontwaak dan in ywer vir sy diens en voed ook u kinders op in sy Woord van jongs af, sodat u nageslag u nie eenmaal sal verwyte dat u die Bybel vir hulle dig geslote gehou het nie, maar sodat die Kerk kan bou op sy stoere lidmate wat met dankbaarheid terugwys na moeder en grootmoeder en vader en grootvader. Laat u huwelik 'n duidelike getuigenis wees teen die afvallige wêreld!



## Ditsem Nuus

Op die agterblad van hierdie uitgawe sal ons lesers 'n bekendstelling van die elektroniese nuusblad *Ditsem Nuus* vind, met die oog op intekening daarop. Die nuusblad dra aktuele nuus oor 'n verskeidenheid sake van belang, wat veral op die Afrikaner van vandag afgestem is. Ons plaas hierdie bekendstelling, aangesien die nuusblad op onmiskenbaar Christelike grondslag staan en

ondermeer aan die adres van die Afrikaner gerig word. Die nuus wat daarin opgeneem word, word vanuit hierdie grondslag (Christelik-volkseie) aangebied, waarmee die VCHO hom grootliks kan vereenselwig. Dit is egter sonder dat die VCHO homself daartoe verbind dat standpunte wat in *Ditsem Nuus* gehuldig word, noodwendig onderskryf word. Ons ag dit derhalwe nodig dat

lesers aangemoedig word om hulle vooraf van die nuusinhoud te vergewis deur van die skakelfasiliteit (soos in die bekendstelling aangedui) gebruik te maak. Ons ondervinding tot dusver van *Ditsem Nuus* is dat nuusgebeure so objektief moontlik vanuit die Christelike lewensperspektief aangebied word en dat die taalgebruik keurig en stylvol is – Red.



## Herontwerpte VCHO-webblad

Ons lede/lesers se aandag word daarop gevestig dat daar gedurende Mei 'n nuwe webblad van VCHO bekendgestel word. Die proses, ten einde die VCHO-webblad in 'n nuwe formaat om te skakel, het in 2017 begin, aangesien die bestaande webblad wat in 2001 opgestel is tegnologie nie meer beantwoord het nie. Die nuwe webblad is ontwerp sodat aan die nuwre tegnologiese ontwikkelinge beantwoord kan word en om die toeganklikheid daarvan te verhoog. Dit is ook die bedoeling dat met die nuwe webblad groter doeltreffendheid en funksionaliteit met die oog op die heersende tyds-

vereistes en die uitdagings op veral die terrein van die onderwys, behaal wil word. 'n Na ons mening meer toepaslike indeling van rubrieke en onderwerpe sal daar gevind word, wat die roeping en taak van VCHO in groter perspektief plaas en die kritiese belang van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing na vore bring. Die Calvinisme het immers sy eie besondere beklemtoninge in verband met die werklikheid, wat die uitvoering van die VCHO-mandaat en werksaamhede oor nou reeds meer as sestig jaar rig en stuur. Ons lede/lesers word gevra om die nuwe webblad te besoek

by <<http://www.vcho.co.za>> en u indrukke en kommentaar aan ons deur te gee. Enige kommentaar/voorstelle ter verbetering van ons nuwre ontwerp sal verwelkom word, aangesien dit ons oogmerk is om d.m.v. ons webblad die doelstrewende en missie van VCHO verder uit te bou. Verder sal ook enige bydraes ter bevordering van Christelike onderwys en wetenskap verwelkom word. Ons rig hierdie versoek veral aan medestanders op die gebied van die onderwys en wetenskap. Stuur kommentaar/voorstelle aan: <[hugo@vcho.co.za](mailto:hugo@vcho.co.za)>.

# Waartoe dien die huwelik volgens Calvyn

Hugo Hayes

'n Aflewering oor die huwelik in hierdie uitgawe sou nie aan die onderwerp reg laat geskied, tensy daar nie spesifiek ook gelet word op waartoe die huwelik ingestel is nie. Afgesien daarvan dat die Bybel in Efés. 5 die huwelik as 'n afskynsel van die verhouding tussen Jesus Christus en sy gemeente uitbeeld, moet daar sekerlik 'n skeppingsdoel wees waarom God-drieëinig dit goedgevind het om die huwelik in te stel. Dit sou allermens as 'n sakrament beskou kon word, soos in die Rooms-Katolieke Kerk.

Terwyl dit, volgens die Bybel, so is dat God self die huwelik wat hy ingestel het beskerm, by wyse van 'n uitdruklike gebod, bestaan die huwelik nogtans nie ter wille van die huwelik self nie, maar dat dit in die eerste plek aan God se bedoeling moet beantwoord. Die huisgesin moet sonder twyfel as 'n bousteen van die samelewing beskou word, wat in ons tyd ook 'n bastion behoort te wees teen ontaarding en verval. Ten einde hieraan te kan beantwoord is dit van kritiese belang dat die grondslag van die huwelik reg gelê moet wees. Die huwelik is hoegenaamd nie 'n uitvindsel van die wêreld nie, al gaan die wêreld somtyds daarmee om asof dit so is, gelet op hoe dit baiekeer in die media voorgestel word.

Calvyn het in sy *Doctrina Calviniana de Matrimonio* duidelike Skrif-begronde antwoorde gegee oor wat die aard en doel van die huwelik is. Kortliks kan dit soos volg saamgevat word: eerstens die verkryging van 'n nageslag, sodat die aarde bewoon en bewerk kan word, volgens die opdragte van God aan die mens en tweedens dat dit as 'n geneesmiddel teen onmatigheid dien.

Hierop kom hy telkemale in sy doktrine oor die huwelik terug.

Tereg vra Calvyn: Wat anders is die huwelik as die vereniging tussen een man en een vrou? Waartoe anders sou die huwelik ingestel wees, indien dit nie vir die tweeledige doel sou wees nie, soos dit in die Skrif aan ons voorgelê word? Calvyn is dus duidelik daarvoor dat dit eerstens dui op die manlik en vroulik geslagtelike samevoeging (Gen. 1: 27&28), ter wille daarvan dat 'n nageslag voortgebring word en tweedens as teenvoeter teen gebrek aan selfbeheersing (1 Kor. 7: 2&5) moet dien. Die eerste slaan dus op God se oorspronklike bedoeling met die huwelik en die tweede op die gevolge vanweë die sondeval.

Calvyn is verder ook duidelik daarvoor dat in die geval van onvrugbaarheid, dit nie as 'n grond vir egskeiding gesien kan word nie. Hy wys bv. daarop dat die Bybelse Elkana, vanweë die onvrugbaarheid wat by sy eerste vrou Hanna voorgekom het, verkeerdlik gehandel het deur 'n tweede vrou daarby te neem, al was dit met die oog op die verwekking van 'n nageslag. Sy redenasie ten opsigte hiervan is dat wanneer 'n egpaar nie kinders kan hê nie, daar ernstig daarvoor gebid moet word. Die gelowige Hanna het dus in hierdie opsig die regte uitweg gevolg, deur tot God te bid (1 Sam. 1:10-11). So ook in die geval van Isak t.o.v. sy vrou, Rebekka (Gen. 25:21). Indien sodanige gebed egter nie verhoor word nie, moet dit in alle geduld en nederigheid aanvaar word as die beskikking van die Alwyse God. Dit is immers in Sy Hand dat sowel nakomelinge aan huwelikspare gegee word, as dat

dit van hulle weerhou word. Indien dit 'n egpaar nie beskore is om kinders te hê nie, maak dit so 'n huwelik geensins ongeldig nie en is dit ook geen grond vir egskeiding nie. Ons handhaaf immers deurentyd die delikate onderskeid tussen huwelik en huisgesin.

Die mens se sonde is die oorsaak, volgens Calvyn, dat die huwelik as 'n geneesmiddel teen gebrek aan selfbeheersing aangedui word. As ons oervader Adam rein (deur die hou van die proefgebod) sou gebly het, is Calvyn se argument, dan is dit seker dat die huwelik as 'n heilige werktuig van God 'n volmaakte en 'engelagtige' lewe tot gevolg sou hê. Noudat die sondeval ingetree het, is dit egter nie meer so nie, is sy gevolgtrekking.

In antwoord op die teenwerping dat dit moeilik sou wees om altyd met een vrou te moet saam woon, het Calvyn die volgende raad: Laat ons ons herinner dat toe ons natuur verdorwe geraak het, die huwelik 'n geneesmiddel geword het, en ons ons nie daarvoor moet verwonder nie dat daar sedertdien ook 'n "bitter smaak" tesame met die soetheide van die huwelik vermeng word.

Calvyn het hom daarom duidelik teen die selibaat verset, hoewel hy veel begrip toon vir Paulus se standpunt in 1 Kor. 7, veral m.b.t. verse 6-8. Calvyn verklaar dat wanneer Paulus daarop uitwy dat onthouding goed is, hy nie daarmee te kenne sou gee dat die huwelik as sodanig verkeerd is nie. Dit is eerder asof iemand sou sê dat dit goed sou wees as daar nie soveel uiting gegee word aan die behoefte om te eet, te

**Vervolg op bl. 14**

drink of te slaap nie (wat alles noodsaaklik is), want dan sou dit die mens veel meer in staat stel om aan die hemelse dinge aandag te gee. Die toepassing word dan t.o.v. die huwelik gemaak met die aardse sorge wat daarmee gepaardgaan. Paulus verklaar egter dat dit beter is om dan maar liewer te trou as om van begeerte te brand. In dieselfde trant vermaan Calvyn dat daar nie uit die oog verloor moet word nie dat daar saam met die getroude lewe ook talle moeilikhede kan voortspruit. Dit gebeur so dikwels dat daar aan mekaar “onvermengde heuning” belowe word, maar dat egliede dan tog nog teleurgestel word.

(Tot sover Calvyn)

Desnieteenstaande die laasgenoemde argumente moet die

huwelik steeds hooggeag en deur die gemeenskap in stand gehou word, ter wille van die goddelike heiliging daarvan. Daar kan nie geredeneer word dat, vanweë die problematiek wat met die intrede van die sondeval verband hou, daar onverskillig met die huwelik omgegaan kan word nie. Daar is ondermeer, in ons tyd, die toenemende verskynsel van saamwony as 'n gerieflikheidsreëling, wat die huwelik as instelling bedreig. Sodoende wil die betrokkenes hulself van die verantwoordelike bou aan 'n lewenslange verbintenis in liefdestrou aan mekaar, onthef, maar in die tussentyd die genietinge soos in die huwelik toe-eien. Wanneer dinge nie meer uitwerk nie, word die verhouding bloot opgeskort. Dit maak van die huwelik 'n karikaatuur. Hierteenoor is daar veel meer te sê oor standvastige egpare wat die storms wat hulle

huwelike sou bedreig, moedig saam deurstaan en deurstry in die geloof, ter wille daarvan dat die Here Jesus verheerlik sal word.


Dat die huwelik ten slotte 'n verhewe geestelike posisie in God se raadsplan inneem, wat nie betwyfel mag word nie, word ook duidelik uit ondermeer Ef. 5: 31-32:

<sup>31</sup> Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word.

<sup>32</sup> Hierdie verbogenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.

#### Bronne:

Calvyn, J. *Doctrina Calvini de Matrimonio*.

Hooykaas, J.C. *Calvyn's Leer van het Huwelik*. Inaugurele oratie aan de Academia Theologiae te Sliedrecht, Nederland. 


## Hervorming in Bloemfontein en elders in ons land

Ons Vereniging het gedurende 2017 met gemeentes in Bloemfontein kon saamwerk, ten einde Hervormingsgeleenthede aan te bied op 6 April, 3 Augustus en 29 Oktober onderskeidelik. Dit is goed deur Hervormingsgesindes in die stad bygewoon. Tydens die geleentheid van 29 Oktober is, benewens 'n erediens, gelei deur ds. Lewis Strauss, kort insetsels oor waarom Hervorming herdenk

word, gelewer. Die drie insetsels word in hierdie uitgawe gepubliseer. (Ds. Strauss se preek het reeds in 'n vorige uitgawe verskyn.)

Op 4 November 2017 het daar ook 'n belangwekkende herdenking te Diamantvallei plaasgevind, waar ds. Schalk Strauss die rede gevoer het. Ds Strauss is tans redakteur van *Die Boodskapper*, amptelike orgaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Die eerste deel van ds.

Strauss se rede verskyn in hierdie uitgawe, waarin dit veral oor die dieper betekenis van die uitdrukking *Semper Reformanda* handel.

Ons wil graag ons dank uitspreek vir die vergunning om die preek van ds Lewis (in die vorige uitgawe) en die rede van ds Schalk (in hierdie uitgawe) soos tydens gemelde herdenkingsgeleentheid gelewer te publiseer (Red.). 

## Verhouding gesin en kerk

In die lig van die Bybelse openbaring oor die huisgesin en die kerk, beide as instellings van God, word dit nodig geag dat meer hieroor gesê word. Die gesin en die kerk is elkeen uniek in hulle eie aard en doel en het elkeen 'n eiesoortige funksie. Dit is kardinaal belangrik dat die onderskeide deurgaans gehandhaaf word. Die gesin se bestemming kan bv. nooit die kerk wees, sodat dit in die kerk moet op-

gaan nie (verkerklik), maar dit bly as 'n selfstandige entiteit bestaan, ongeag die kerk. Hierdie onderskeid word deurgaans in die Skrif gehandhaaf. Die gesin is wel noodsaaklik en onontbeerlik, met die oog op die vorming en voortbestaan van die kerk, maar die gesin het 'n eie selfstandigheid wat nie deur die kerk opgeneem mag word nie. Gesinne word wel lidmate van die kerk, maar sonder om hulle identiteit te

verloor. Die Skriftuurlike appèl is dat dit 'n gesin en kerk sal wees wat as Christelik gekwalifiseer word; binne die konteks van die Hervorming Christelik-gereformeerd. Die betekenis van Christelike gesinne vir die kerk sowel as die samelewing kan nie oorbeklemtoon word nie. Gesin en kerk behoort ideaal-gesproke in 'n besonder noue verhouding tot mekaar te staan, aangesien beide met die opvoeding van verbonds-kindere gemoed is, met die skool as die derde deelgenoot. 

# *Semper Reformanda*

## Diamantvallei, 4 November 2017

Schalk Strauss

### Skriflesing: Sag. 7

#### Inleiding

In Suid-Afrika is geloofwaardigheid en integriteit nou nie juis deugde wat vreeslik hoog op mense se prioriteitslys is nie. Verkiesing ná verkiesing lees 'n mens van lamppaal tot lamppaal al die verskillende politieke partye se verkiesingsbeloftes. Aangesien die regerende party in die beste posisie van al die ander partye is om sy verkiesingsbeloftes na te kom, is dit ironies hoe min daarvan al gerealiseer het. Op een van die ANC se vorige verkiesingsplakkate word daar onder meer werksgeleentheid, vrede en vryheid belowe en natuurlik die belofte dat almal in Suid-Afrika 'n beter lewe onder die ANC-regering sal hê.

Ons hoef maar net teen hierdie beloftes te klop om uit te vind hoe hol en leeg hulle is. Die werkloosheidskoers staan tans op 27,7% terwyl die uitgebreide werkloosheidskoers op bykans 38% staan. Die rookwolke van woedende betogers en ongelukkige burgers hang soos rookseine in die lug, terwyl die bloedvlekke van onskuldige boere hulle geboortegrond besmeer. Die enigste vryheid wat daar in hierdie land is, is sekere groeperinge se "vryheid" om ander se vryhede in te perk. Ook vir die kerk is die donderwolke van staatsregulering en inmenging op die horison, terwyl die donderslae duideliker en duideliker gehoor kan word soos wat die storm naderkom.

In 'n vuisvoos samelewing waar mense geneig is om alle samelewingstrukture te wantrou, is die gevaar groot dat die kerk ook sy integriteit en geloof-

waardigheid kan verloor. Die kerk is beslis nie 'n politieke party nie, maar ons hamerslae weerklink ook soos Martin Luther s'n wanneer ons die stellings wat óns definieer teen ons kerkdeure vasspyker. Uit die nadere reformasie was daar veral een slagspreuk wat só sterk na vore getree het dat dit onlosmaaklik deel van enige gereformeerde kerk se identiteit geword het. Dit is die slagspreuk: *Semper Reformanda* – altyd reformerend. Dit is natuurlik 'n geweldige gewigtige uitspraak wat na my beskeie mening heeltemal te veel ydellik gebruik word. Dit is 'n uitspraak wat baie meer integriteit en geloofwaardigheid vereis as om enersyds bloot te verander ter wille van die tydsgees en andersyds om bloot aan te toon dat 'n kerk gefundeer is op die eku-meniese belydenisse en die drie formuliere van eenheid. Tereg waarsku Carl Trueman dat hierdie slagspreuk die gevaar loop om slegs sentimenteel te wees sonder dat dit werklik inhoud het.

In die lig daarvan dat ons vanjaar die 500-jarige herdenking van die reformasie vier en gereformeerde kerke hulself in lyn met die reformatoriese grondslag wil positioneer, is dit nodig dat ons grondig sal besin oor 'n uitspraak soos *Semper Reformanda* en die implikasies daarvan, sodat ons nie net die deuntjie so vaagweg sal ken nie, maar in staat sal wees om self die musiek daarvan te maak.

#### 1. Misbruik van die slagspreuk

Die ydellike gebruik van die slagspreuk *ecclesia reformata, semper reformanda*, oftewel 'n gereformeerde kerk reformeer



altyd, val hoofsaak binne een van twee strome:

#### 1.1 Verandering ter wille van verandering

In sy boek, *Praktiese Teologie – kerkwees in die 21ste eeu*, begin prof. Wim Dreyer sy betoog deur die krisis in die kerk aan te dui. Hy verwys onder meer na 'n ondersoek wat deur die Barna-groep in die VSA gedoen is. Hierdie ondersoek toon dat 40% van jongmense tussen die ouderdom van 16 en 29 hulself as "unchristian" beskou. Die hoofrede vir hulle afvalligheid is die persepsie dat die kerk nie vertrou kan word nie, 'n gebrek aan integriteit vertoon en nie aan die kerk se eintlike doel beantwoord nie. Vanuit hierdie perspektief het die kerklike instituut self daaraan skuld dat mense nie net die kerk nie, maar ook die Christelike geloof verlaat.

Prof. Dreyer wil graag op hierdie probleem antwoord. Hy begin deur 'n goeie oorsig oor die betekenis en herkoms van die slagspreuk, *semper reformanda*, te gee. Hoewel hy die wortels van die uitspraak gaan oopgrawe, skryf hy die prominensie daarvan

*Vervolg op bl. 16*

## Vervolg van bl. 15

hoofsaaklik aan Karl Barth se gebruik daarvan toe. Dreyer toon aan hoedat dit vir Barth veral daarvoor gegaan het dat die kerk met *integriteit* kerk behoort te wees. “In ander woorde: *Ecclesia semper reformanda* dui op deurlopende kerkhervorming met die doel dat die kerk waarlik kerk moet wees, kerk in ooreenstemming met God se bedoeling”, skryf Dreyer.

Wanneer Dreyer uiteindelik na die kerklike praktyk beweeg en voorstelle tot reformasie aan die hand doen waarvolgens hy reken die kerk weer met integriteit kerk kan wees, is dit teleurstellend dat sy oplossings hoofsaaklik gefokus is op die hervorming van die georganiseerde kerklike praktyk. Hy gaan dus uit van die veronderstelling dat die probleem vir die integriteitloosheid van die kerk daaraan toegeskryf moet word dat die kerk in sy organisatoriese of institusionele vorm, nie geloofwaardig of in ooreenstemming met God se bedoeling is nie en daarom in lyn gebring moet word. Hierdie oplossing sluit aan by JP Oberholzer en Nelus Niemandt se kritiek. Volgens Oberholzer is die kerk met baie dinge besig sonder om werklik kerk te wees. Oberholzer pleit daarvoor dat 'n uitgediende *model van kerkwees* met 'n meer prinsipiële eietydse een vervang word. Prof. Nelus Niemandt sluit hierby aan wanneer hy sê dat *tradisionele* kerke en denominasies nie enige kans in die postmoderne wêreld het nie – hulle ry selfs die koninkryk van God in die wiele.

Prof. Dreyer skryf heel tereg: “Ons moet egter besef: *Kerkhervorming is gehoorsaamheid aan God*. Dit is wesenlik dat die kerk voortdurend, op grond van die Woord, sal transformeer en hervorm. Dit word nie gemotiveer deur pragmatiese oorwegings ter

wille van oorlewing nie.” Kort hierna kritiseer hy egter kerke se “onvermoë om nuwe *geloofspraktyke* te vestig”. As kerkhervorming beteken *gehoorsaamheid aan God* en daardie gehoorsaamheid gedefinieer word as die vestiging van *nuwe geloofspraktyke*, dan kan 'n mens nie help om tot die gevolgtrekking te kom nie dat *ecclesia semper reformata* maar net 'n oproep word om voortdurend ou “vorms” van kerke wees met nuwe “vorms”, wat tred hou met die tydsgees, te vervang.

Selfs prof. Amie van Wyk van die GKSA slaan hierdie rigting in. In die artikel *Die ou Hervorming moet steeds nuut wees* in *Die Kerkblad* van Augustus 2017, voer hy vier redes aan waarom hy reken die kerk voortdurend moet reformeer. Die derde rede is dat die Skrif telkens nuut verstaan behoort te word. As voorbeeld van hoe die Skrif dan in ons tyd nuut verstaan behoort te word, verwys hy na die, volgens hom, insiggewende besluit van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (in Nederland) ten gunste van die vrou in die amp. Weer eens is die onderliggende voorveronderstelling dat die kerk in sekere aspekte van haar institusionele vorm, naamlik haar verstaan van die ampte, hervorming of eerder verandering, nodig het.

Verandering ter wille van verandering, vervlak die slagspreuk *semper reformanda* bloot tot die oproep dat die kerk soos 'n verkleurmannelietjie voortdurend behoort te verander. Die *integriteit* van die kerk is dus te vinde in sy aanpassingsvermoë. Uiteindelik sluit die “vorms” wat moet verander, ook die leerstellige “vorms” in – sake soos die vrou in die amp, die aanvaarding van homoseksuele verhoudings, die ontkenning van Skrifgesag, ensovoorts.

## 1.2 Behoud van die tradisionele bloot t.w.v. bewaring

Die keersy van verandering bloot ter wille van verandering, is die bewaring van die tradisionele bloot ter wille van bewaring. Volgens hierdie standpunt moet die uitspraak *semper reformanda* vertolk word as 'n oproep om bloot die tradisionele waardes te bewaar. Die ou “vorms” moet behou word selfs al weet ons lankal nie meer wat die oorsprong, betekenis en Bybelse begroning van hierdie vorms is nie.

Kom ons neem die gebruik van 'n orrel as begeleidingsinstrument tydens 'n gereformeerde erediens as voorbeeld. Vir baie van ons is dit vandag ondenkbaar dat 'n konserwatiewe kerk dit kan oorweeg om enigsins van 'n ander instrument as 'n orrel gebruik te maak. Enige pogings om van die orrel ontslae te raak of ook ander instrumente naas die orrel in die erediens te gebruik, word as 'n bedreiging van tradisionele waardes of selfs as “ongereformeerde” beskou aangesien dit strydig is met die gereformeerde tradisie. Tog is dit interessant dat orrels eers rondom die 13de eeu as kerklike begeleidingsinstrument aanvaar is. Met die aanbreek van die Reformasie in die 16de eeu het baie protestantse kerke in Europa se weersin in die gebruik van die orrel duidelik geblyk.

In sy artikel oor die orrelkontroversie tot en met 1640, wys Henry Bruinsma daarop dat die weerstand in gereformeerde kringe teen die gebruik van die orrel in lande soos Frankryk en Switserland plek-plek so hewig was dat orrels vernietig en uit kerke verwyder is. Bruinsma merk op dat Calvyn, hoewel hy 'n voorstander van musiek tydens die erediens was, gekant was teen enige iets Rooms en daarom was hy ook van

Vervolg op bl. 17



## Vervolg van bl. 16

mening dat die mens se stem die beste instrument is waardeur die gelowige God kan verheerlik. Die orrel is as 'n sekulêre instrument beskou sodat die Sinode van Dordrecht in 1574 verklaar: "Aangaande die speel van die orrel in die kerk, is dit ons standpunt dat dit geheel en al afgeskaf moet word." Tydens 1578 verklaar die Sinode van Dordrecht dat "die orrels wat vir 'n tyd lank geduld is, ten alle koste uit die kerk verwyder moet word."

Ek probeer nie hierdeur betoog vir die verwydering van die orrel vanuit die gereformeerde erediens nie, maar dit is nodig dat ons eerlik genoeg daarvoor sal wees dat gelowiges binne die gereformeerde tradisie dikwels geneig is om te bewaar slegs ter wille van bewaring. Ons kies vir 'n spesifieke vorm sonder om eerlik genoeg na die oorsprong daarvan of die Bybelse begroning daarvoor, te gaan soek. Sodoende kan dit so maklik gebeur dat ons iets bewaar omdat dit na ons mening konserwatief en gereformeerd is, terwyl ons gereformeerde voorouers dit as liberaal en Rooms beskou het.

Wanneer ons beide groepe se misbruik van *semper reformanda* bestudeer, kom ons agter dat dit vir beide bloot oor die vorm gaan. Die een wil voortdurend die vorm verander en die ander wil ten alle koste die vorm behou, maar wat ons miskyk is dat jy beide kan doen en steeds nie reg laat geskied aan 'n slagspreuk soos *semper reformanda* nie. Die Presbiteriaanse teoloog, Anne Case-Winters, merk heel tereg op dat die slagspreuk twee kante het: "Our Reformed motto, rightly understood, challenges both the conservative and the liberal impulses that characterize our diverse body today. For it does not bless either preservation for preservation's sake, or change for change's sake."

Die vraag is nou wat dan met hierdie "regte verstaan" van die slagspreuk bedoel word? Hiervoor is dit nodig dat ons die slagspreuk vanuit die oorspronklike konteks en ooreenkomstig die oorspronklike bedoeling daarvan, sal interpreteer. As ons egter nie nog verder gaan en kan aantoon dat hierdie oorspronklike bedoeling in ooreenstemming met die Skrif is nie, loop ons gevaar om die slagspreuk in 'n fopspeen te verander – dit bied valse troos, maar het in homself geen krag om Godvererende verandering te bewerk nie.

## 2. Oorsprong en ware betekenis van die slagspreuk

Volgens navorsers is daar grootliks eenstemmigheid dat die slagspreuk, *semper reformanda*, of self die meer uitgebreide *ecclesia reformata semper reformanda* nie vanuit die vroeëre Reformasie afkomstig is nie. Dit het eers gedurende die nadere Reformasie na vore getree. Volgens Michael Horton is die volledige uitspraak die eerste keer deur die Nederlandse predikant, Jodocus van Lodenstein, rondom 1674 gebruik: *Ecclesia reformata semper reformanda secundum verbi Dei* – 'n gereformeerde kerk is altyd besig om te reformeer ooreenkomstig die Woord van God.

Wat opvallend is, is dat hierdie uitspraak bykans 'n 150 jaar ná die aanvang van die Reformasie gemaak is. Dit is 'n baie belangrike observasie, aangesien die Reformatoriese beginsels en leerstellings teen daardie tyd reeds goed gevestig was binne die gereformeerde kerkfamilie. Kevin de Young help ons hiermee wanneer hy op twee belangrike bedoelings van Van Lodenstein se uitspraak wys. Dit was in die eerste plek Van Lodenstein se begeerte dat die kerk nie net in wat sy leerstellings betref, gereformeerd behoort te wees nie, maar

uiteindelik behoort die kerk en sy lidmate ook daarop ingestel te wees dat hulle lewens en kerklike praktyk in ooreenstemming is met die leerstellige waarhede wat deur die Reformasie gevestig is. In die tweede plek pleit van Lodenstein daarvoor dat die kerk nie die Reformasie as 'n afgehandelde gebeurtenis sal beskou nie. Die gereformeerde leer behoort ook voortdurend verder ontgin te word soos wat dit deur die Woord van God belig word.

Oor van Lodenstein se bedoeling, voeg prof. Wim Dreyer by: "[Hy] het kerkhervorming as noodsaaklik beskou (soos Calvyn), maar was van mening dat die hervorming ook op die Christelike lewe moet fokus en nie tot leersuiwerheid beperk mag word nie." Van Lodenstein waarsku teen die gevaar van 'n oorbeklemtoning van die gereformeerde ortodoksie wat selfs erger en meer fundamentalisties as die Roomse leer kan wees.

Wanneer na hierdie interpretasie van Van Lodenstein se uitspraak gekyk word, is dit duidelik teenstrydig met die meer liberale gevolgtrekking dat *semper reformanda* bloot roep om voortdurende verandering van die vorm, maar dit staan ook teenoor die meer konserwatiewe benadering waarvolgens die Reformasie as 'n afgeslote gebeure beskou word, sodat ons nou maar net die vorms in stand moet hou.

Wanneer gereformeerde kerke na 500 jaar terugkyk oor hulle reformatoriese herkoms, behoort hulle, na my mening, juis by Van Lodenstein se bedoeling van *semper reformanda* aansluiting te vind. So 'n interpretasie van *semper reformanda* is wesenlik deel van die kerk se roeping en duidelik op die Skrif self gefundeer.

**(Word vervolg in ons volgende uitgawe – Red.)**



# Hervormingsherdenking: 29 Oktober 2017

*Prof. Andries Raath*


In die klokkespel hoor ons die dankbaarheid van Protestantse gelowiges vir 'n onvervangbare erfenis. Die klokke herinner ons by hierdie Hervormingsherdenking aan God se ingryping 500 jaar gelede tot herstel van die Bybelse Christendom. Onder die leuse van die Hervormers: "Terug na die Woord", gedenk ons saam met Protestantse Christene oor die wêreld die Reformasie 500 jaar gelede. Ons gedenk die leuse van 'n Luther, Calvyn, Melancthon, Zwingli, Bullinger, Beza en soveel ander geloofstryders: "Terug na die Woord". Ons gedenk die heldere besef van die Hervormers dat die Woord van God die ware gesag is teenoor pouslikes, politieke maghebbers en wêreldse verbastering van die ware Evangelie; die Woord as suiwer maatstaf van leer en lewe teenoor die verwêreldliking van die vervalde kerk.

In die klokkespel hoor ons die woorde van Martin Luther op die Ryksdag van Worms: "My gewete is gevange in die Woord van God!" Ons gedenk die herstel van God se

Woord in die uitspraak van die groot Nederlandse Gereformeerde Calvinis, Groen van Prinsterer: "Die onvoorwaardelike gesag van Gods Woord is die Hervorming".


Maar ons gedenk ook die hernude klem deur die oproep van Hervormers soos Heinrich Bullinger om die Woord van God ernstig te bestudeer – in 'n tyd toe daar in die hele Switserland slegs drie predikers was wat in die Woord van God onderleg was. Daardie oproep is dat die Woord weer die ereplek moet inneem in ons private godsdiensbeoefening; ons huisgodsdiens; ook in die Kerk – en om nie die Woord deur menslike praatjies en ander doenighede te verduister nie.

En nou, vyfhonderd jaar later in ons eie land, hier in Bloemfontein – in 'n tyd van godsdienslike louheid, onkunde oor die ware belydenis, godsdienslike verval, kerklike verwildering, invoer van skouspele in die Kerk, waar dwase geesdrywers en spitsvondige rasionaliste die gelowiges van die Bybelse spysie ontnem en op die weë van



Charismatiek, metodisme en post-modernisme lei, hoor ons in die klokke die eenvoudige waarheid:

- Deur geloof alleen
- Deur Christus alleen
- Deur genade alleen

Ons hoor die oproep: Die erkenning van God se oppergesag, die handhawing van God se eer op alle terreine van die lewe: in die handel, nywerheid, ekonomie, politiek en die verhouding van volkere tot mekaar: Soli Deo Gloria! 

## Implikasies van die Hervorming

*Hugo Hayes*

Gebaseer op die grondliggende uitgangspunte van die Hervorming (vgl. bv. die vyf solas), het dit ingrypende en wydreikende implikasies. Dit nie alleen wat die Kerk betref nie, maar eweseer die samelewing. Die Hervorming bely immers die absoluutheid, onfeilbaarheid en waarheid van die Woord van God en wel ten opsigte van die verskeidenheid waarby instellings ookal betrokke mag wees. Die wyse waarop ondermeer die Kerk ingerig, en die Woordbediening behartig word, moet daardeur bepaal word. Maar ook die wyse waarop die samelewing georden behoort te word, word in die grond daarvan geraak. Dus: behalwe dat dit die inrigting van die wese van die Kerk (van gereformeerde belydenis) ooreen-

komstig die uitgangspunte van die Hervorming impliseer, moet óók wat die samelewing betref, die nalatenskap van die Hervorming na behore verreken word.

Die herdenking van die Hervorming in 2017 het ons m.a.w. opnuut voor hierdie onontwykbare implikasies gebring. Dit is dat nie slegs deur die Kerk wat hierdie (gereformeerde) belydenis huldig nie, maar ook deur die lewensinstellings as sodanig, volledig met die soewereine gesag van God-Drieëinig en van sy Woord rekening gehou moet word. So beskou bestaan, benewens die Kerk, geen van hierdie instellings/verbande, hetsy dit die gesin, skool, staat, universiteit ens. sou wees, ter wille van hulleself nie, maar wel sodat hulle aan hul goddelik-

bepaalde doel en opdrag sal beantwoord. Natuurlik is dit in die gesin anders as in die skool en in die skool anders as in die staat, maar tot elkeen kom die appèl dat aan die eiesoortige Christelik-gereformeerde karaktertrekke beantwoord sal word. Dit is teweens aan die Hervorming te danke dat hierdie onderskeidings in die samelewing duidelik getrek kon word, sodat die uniekheid van elkeen daarvan al meer duidelik sal weerkaats, in die lig van die afstraling van God's Woord.

Dit is daarom téén die heilsopenbaring dat die Kerk alle gesag in die samelewing vir haarself sal opeis – sodat selfs die gesag van die Woord aan die Kerk onderwerp word, volgens die Roomse be-

*Vervolg op bl. 19*

# Waarom herdenk ons Reformasie?

Ds LLE (Bertie) de Lange

Dit is moeilik om in beperkte ruimte reg te laat geskied teenoor die vraag. Daar sal met 'n paar pennestrepe volstaan moet word.

Die Reformasie was 'n keerpunt in die kerkgeskiedenis en die wêreldgeskiedenis, toe Christus se koningskap op elkeen van die lewens-terreine erken en uitgeleef is.

Daar was voorlopers van die Reformasie ná die donker Middeleeue, bv. die Waldense, Bernard van Clervau, Huss, Wycliff, Savonazola ens.

Op 31 Oktober 1517 spyker Martin Luther egter sy bekende 95 stellinge teen die deur van die Slotkerk te Wittenberg. Hy stel hom daarmee teenoor die *ex cathedra*-uitsprake van die Pous, die aflaathandel, die Maria-aanbidding as Middelaars, die Vagevuur ens. Hy word nagevolg deur Zwingli (Switserland), Coligni (Frankryk), Calvyn (Genève), Knox (Engeland). Die werk van die Hervormers oefen 'n beduidende invloed op staatkundige, opvoedkundige en maatskaplike terreine uit.

Met die uitwyking van die Hugenote, veral na die St. Bartolomeusnag, tesame met Hollanders en Duitsers, het die Bybel-gefundeerde invloede van die Reformasie na die Kaap gekom.


Die Kerk van gereformeerde belydenis word daarmee die grondslag

van ons volkstigting as eerste eienskap van die Afrikanervolk in wording. Aan die Kaap het lord C Somerset met goewerneur De Mist se kerkorde egter by die kerk ingemeng, gesag gevoer en politieke kommissarisse op kervergaderings laat sitting neem.

Die goewerneur het sinodale besluite goed- of afgekeur en die Britse owerheid het dit daarna bekragtig. Somerset het ook Skotse predikante ingevoer en Engels as voertaal laat geld. Dit klink vandag nogal bekend.

Reformasie t.o.v. die staatsgesag het in 1843 plaasgevind. Reformasie t.o.v. leervryheid/liberalisme gaan in 1862 voort, waarby die leraars Kotze van Darling en Burgers van Hanover betrokke was.

Waarom herdenk ons vandag nog die Hervorming? Nie net om 'n historiese gebeure 500 jaar gelede te herdenk nie, maar omdat dit deurlopend nodig is. Wanneer daar van die ware kenmerke van die kerk afgewyk word, nl. van die suiwer verkondiging van die evangelie, die suiwer bediening van die sakramente, en die toepassing van die tug, dan word reformasie noodsaak. Wanneer die samelewing onder liberale humanisme verval, en soos 'n skip sonder roer word, of 'n skandvlek onder die nasies, staan ons weer by 'n keerpunt, en is radikale refor-



masie nodig as die enigste oplossing, nl. terug na God en sy Woord. Dan het dit tyd geword vir die gelowige om weer te sê: "Hier staan ons, ons kan nie anders nie."

## Slotopmerking


Wanneer in vandag se media na die kerk verwys word, word dit hoofsaaklik in negatiewe sin gedoen. Dan word die donker Middeleeue, die kruistogte, die vervolginge en martelinge (van die Roomse kerk) op alle kerke se brood gesmeer, asof Reformasie nie plaasgevind het en nie bestaan nie. Daarteenoor moet ons sterk getuienis lewer aangaande die Bybelse gereformeerde godsdiens en ons toekomsverwachting. Ons staan daarby dat die Reformasie onder die genadehand van die Drie-enige God 'n keerpunt in ons geskiedenis gebring het. 

## Vervolg van bl. 18

skouing. Dit is ook téén die heilsopenbaring dat die staat alles vir homself sal opeis; dat die finale gesag vir die inrigting/organisering van die samelewing deur die staat bepaal word, soos tans in Suid-Afrika. Hervorming staan teenoor ongeoorloofde verabsoluterings: verkerkliking, soos in die tyd vóór die Hervorming, maar ook verstaatliking, soos in die vroeëre geskiedenis, asook die tyd waarin ons lewe. Beide hierdie en ander soort-

gelyke verabsoluterings moet teëgewerk word, aangesien die heerlijkheid van God daardeur weggeroof word, deur dit aan óf die Kerk óf die staat, en in ons tyd ongelukkig ook die wetenskap te wil toeken.

Gevolgtrek het die Hervormde/Protestantse geloofsgemeenskap steeds in ons tyd, soos regdeur die geskiedenis, dieselfde dringende maar terselfdertyd opwindende opdrag en roeping. Dit is naamlik om Kerk, sowel as samelewing, met inbegrip van al die lewensverbande waarna reeds verwys is,

voortdurend te hervorm na die Bybelse eise. Hierdie onweerstandbare aandrang dat Kerk en samelewing voortdurend verchristelik moet word, is deur die Hervorming as onaflegbare roeping en taak aan ons nagelaat. In Hervormingsjaar 2017 eggo dit met ewe veel krag en gelding teenoor óns die bevoorregte erfgename, as gedurende die hoogbloei van die Reformasie: *Semper reformanda!* Dit is die primêre boodskap wat deur die herdenkings wat deur die jaar ondermeer in Bloemfontein gehou is, uitgedra wil word. 



# ditsemblits

Weeklikse elektroniese nuusbrieff van

## ditsem nuus

dit wat saakmaak

### Voorlegging vir inteken

DitsemBlits vorm deel van die groter pakket van Ditsem Nuus as koerant in sowel gedrukte formaat as met verskillende digitale platforms. Die breë agtergrond is dat Ditsem Nuus as maandelikse koerant sedert 2008 gepubliseer word en gratis versprei word te Bloemfontein, Kimberley en 12 dorpe in die Suid-Vrystaat en Bo-Karoo, terwyl die koerant ook digitaal gepubliseer word op die Internet op webwerf [www.ditsem.net](http://www.ditsem.net), asook op ope mediastaanders. Die koerant beskik ook oor 'n Facebookblad en Twitter wat daagliks opgedateer word.

Gebaseer te Orania, fokus Ditsem Nuus op nuus wat saakmaak, veral vir die Afrikaner van vandag, met die oog daarop dat lesers 'n ingeligte besluit vir hulself persoonlik kan neem. Dit is teen hierdie agtergrond wat DitsemBlits een van die komponente van die mediapakket van DitsemNuus is en wel op 'n intekenpakket van R240 per jaar.

Vir 'n voorbeeld van die DitsemBlits, klik op [hierdie](#) skakel.

Soos gesien kan word, bevat DitsemBlits kort berigte en artikels kompak verpak onder die rubrieke *Aktueel / Sakenuus / Internasionale Nuus / Redaksionele kommentaar / Skep moed!* By die intekenpakket van R240 per jaar is ingesluit 'n daaglikse elektroniese nuusbrieff met net die belangrikste **Nuushooftrekke** van die dag.

In die lig hiervan word 'n versoek gerig aan regsinnige en welwillende Afrikaners om in te teken op DitsemBlits – om dit te doen is maklik:

Doen 'n inbetaling van R240 in die volgende bankrekening:

- Standard Bank, Brandwag tak
- Takkode: 05-55-34
- Rekeningnaam: DitsemBlits
- Rekeningnommer: 140 320 105 (Sparrekening)
- Verwysing: Jou naam en van.

Volg dit asb. op met 'n epos na [web@ditsem.net](mailto:web@ditsem.net) met jou naam en van, die eposadres waarop jy die DitsemBlits wil ontvang, asook bewys van betaling. By ontvangs van hierdie besonderhede sal ons jou naam / die naam van die intekenaar op die DitsemBlits adreslys plaas vir die volgende 12 x maande.

Aangesien DitsemBlits 'n nuuskommoditeit is wat teen betaling beskikbaar is, word intekenare versoek om uit 'n wetlike en morele oogpunt die nuusbrieff nie gratis aan te stuur aan kontakte nie. Sodoende kan Ditsem Nuus ondersteun word om te groei en sterker te word 'n Afrikaanse medium op sy eie wat bona fide die saak van die Afrikaner na beste van vermoë dien.

Enige navrae kan gerig word aan Retha by 053 207 0127 of epos [web@ditsem.net](mailto:web@ditsem.net) of Johann Dannhauser as redakteur by 082 773 2150.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING  
en  
RIGLYNE

REDAKTEUR

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,  
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte  
Posbus 1824  
Van Schalkwykstraat 21, Universitas  
Bloemfontein  
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of  
(051) 525 2341

Faks (051) 522 4513

E-pos: [hugo@vcho.co.za](mailto:hugo@vcho.co.za)

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-  
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,  
Ondervoorsitter), Prof J.A.E. Adendorff  
(Pretoria), Prof E.J. van Niekerk  
(Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof  
H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A.  
Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks  
(Pretoria) en Ds R. Bain (Potchef-  
stroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes